Oordenking Sondag, 5 April

Gebed
Skriflesing; **:** Miga 6
Teks: Miga 6: 8
Woordverkondiging;

Geliefde brs en srs en kinders

Hoe dink jy is die regte manier om jou geloof uit te leef? Of anders gevra: wat dink jy is ware godsdiens?

Is dit nie so dat ons ons denke oor geloof en godsdiens heeltemal vereng het tot iets wat ek op Sondag doen nie? Dat ons "geloof" so gekoppel het aan "kerk" op Sondae dat ons amper nie meer dink dat geloof iets meer is as om Sondae "kerk toe te kom" nie.

Die begrip "kerk toe gaan" openbaar al klaar ons verkeerde denke oor geloof en godsdiens! En vir baie mense lê "goeie geloofsbeoefening" dan veral gesetel in die "regte manier" van erediens hou! Dat ons al die regte dinge om die erediens doen en sê en solank dit reg is, dan is ons geloof ook reg?

Maar, geliefdes, erediens hou op 'n Sondag in 'n gebou waar die kerk van die Here bymekaar kom, is maar 'n klein, klein deeltjie van jou geloofsbeoefening!
Kom ons gebruik hierdie grendelstaat inperking as 'n geleentheid om weer 'n bietjie na te dink oor erediens en geloof, erediens en godsdiens!

Want, brs en srs, geloof en ware godsdiens word geopenbaar en wat jy Maandag tot Saterdag doen! Ja, ook wat jy op 'n Sondag doen, maar veral hoe jy van Maandag tot Saterdag leef! Daar waar jy nie saam met ander gelowiges bymekaar is nie, daar waar jy op jou eie is, waar jy jou werk doen, waar jy leef en tussen ander mense moet optree! Waar jy nadink oor die wêreld, sien wat in die wêreld gebeur en hoe jy daarteenoor optree.

Dit is wat die Here deur Miga vir die volk van ouds gesê het. Hulle het van Maandag tot Saterdag totaal en al van die Here en sy Woord vergeet en net vir hulle eie voordeel geleef. Hulle ook gedink hulle kan hulle verhouding met die Here sommer gou regmaak met 'n offerhande of twee wat hulle by die tempel gaanbring. Hulle het geloof verskraal tot die bring van offers en gedink hoe meer offers hulle bring, hoe meer kan hulle versoening kry vir dit wat hulle andersins verkeerd gedoen het.

In die voorafgaande hoofstukke lees jy hoe sondig en korrup hulle daaglikse lewe was. Die leiers, die priesters en die volk het regtig korrup gelewe. Hulle was magsbehep en het hulle posisie van mag misbruik vir eie gewin. Die regters wat in die howe reg moes handhaaf het hulle laat omkoop en reg het nie geskied nie. Hulle het mekaar omgekoop vir eie voordeel. Die sakemanne het onregmatige wins gemaak, hulle het te veel gevra vir goedere en so mense uitgebuit. Die rykes het die armes uitgebuit. Weduwees, wese en

arm mense is vertrap en niemand het hulle oor diegene ontferm nie. Elkeen het net vir homself geleef en probeer om soveel moontlik rykdom te vergader.

En toe die Here hulle aanspreek in hf 6 en hulle tot verantwoording roep oor hulle sonde en daaglikse korrupte lewe toe reageer hulle met: wat sal ek saamvat as ek na die tempel toe gaan? Wat sal ek gou vir die Here vat en offer en dan is alles weer reg!

Sien julle, godsdiens het 'n formele uiterlike handeling op Sondag geword! Ek sal gou weer Sondag kerk toe gaan en alles mooi reg doen en dan sal die Here weer tevrede wees. Maar wat ek van Maandag tot Saterdag doen – dit maak nie saak nie!

Daarom geliefdes sê die Here vir vandag vir ons: Ware geloof en regte godsdiens is is meer as net 'n erediens, dit word hier buite in die wereld gelewe – van Sondag tot Saterdag!

Geloof, br en sr, is in die eerste plek die omhelsing van die verlossing deur God in Jesus Christus, ons Here. Daarom herinner die Here in sy vermaning die volk in vers 4 eerstens van sy verlossingsdade uit Egipte. Hy herinner hulle daaaraan dat Hy die Een is wat verlos! Eintlik spot die Here met die volk as Hy Miga in oordrewe taal laat praat oor die offers van die volk. "Wil julle nou duisende ramme offer? Of wil julle tienduisend offers van olie bring? Wil julle nou julle eersgeborenes offer vir die versoening van julle sonde!"

Nee, julle kan nie! Julle kan nie versoening doen vir julle sonde nie – julle is deur en deur korrup van die sonde! God alleen kan vesoening doen! Hy is so goed en genadig dat Hy sy eersgeborene aan die kruis geoffer het as versoening van al ons sondes.

En ware geloof begin deur daardie versoening van Christus in die geloof te omhels – om te weet dat ek sonder Hom totaal verlore en aan die verskriklike toorn van God onderworpe sou wees. Om te weet hoe ek na my sondige natuur totaal korrup maar dat God nogtans aan my versoening en vergifnis gee in Christus.

Ja, ware geloof en godsdiens begin om vas te gryp aan 'n genade en liefdevolle God en vanuit hierdie genadige verlossing 'n ander lewe te lei! Om nou nie meer vir myself nie, maar vir God te lewe. Om nou deur my lewe die genade en liefde van God in hierdie wereld in te dra – van Maandag tot Saterdag.

Hoe? Die Here leer ons dit in die tweede plek! In vers 6 staan "Die Here het ons bekend gemaak wat goed is!" Hy leer ons wat ware geloof en ware godsdiens in die praktyk van die lewe is!
Wat is goed en aanneemlik vir God in reaksie op sy reddende genade?

Net 3 dinge sê die Here: antwoord op my liefde deur :

1. in hierdie wêreld reg te laat geskied
2. goeie dinge lief te hê

3. bedagsaam voor die Here jou God te leef.

Brs en srs, ons leef in ‘n wêreld van onreg! Ek hoef dit nie vir julle uit te spel nie, ons lees dit elke dag in die koerant en hoor dit oor die nuus. Onreg wat gepleeg word deur mense met mag, deur die howe, deur sisteme, deur werkgewers, deur my en deur jou in die manier hoe ons ander mense behandel.

Ware geloof moet in hierdie omstandighede geleef word! Die Here stuur ons juis in die wêreld in om hierdie dinge te beveg! Met woord en daad moet ons reg laat geskied! Ons moet betrokke raak en juis hulle wat onderdruk en uitgebuit word help! Die armes, weduwees, bejaardes, wese, mishandeldes, gestremdes, almal wat deur die samelewing uitgebuit word – ons – ek en jy – word deur God na hulle toe gestuur.

Ons moet sorg dat reg geskied – ons moet voorvergters vir reg en geregtigheid wees! Dit is hoe jy ware geloof beoefen – dit is ware godsdiens!

In die tweede plek: ons moet goeie dinge liefhê!
Die woorde wat hier gebruik word kan ook vertaal word met: “om moet getrou wees aan goedheid!” Anders gesê: “ **om nie liefde in die steek laat nie**!” Die nuwe vertaling vertaal: **ons moet liefde betrag!**

Geliefdes, ons is God se agente van liefde in hierdie wêreld! Teenoor die Satan met sy haat – staan God se liefde en ons moet dit uitleef! **Is jy en ek gefokus op goeie dinge en om dit in liefde te doen**? Kyk ons oral waar ons gaan, by die werk, met wie op ons pad kom, met ons huismense, ons medegelowiges – **kyk ons uit vir waar ons liefde kan betoon?** Is liefde ons ingesteldheid – of sien en soek ons net die kwaad?

Brs en srs, is ons nie al so gewoond aan die kwaad, aan liefdeloosheid, aan onreg dat ons nie meer ingestel is om die teendeel te probeer bewys nie? Kyk maar net hoe praat ons met mekaar en oor mekaar! Hoe gou veroordeel ons mekaar? Hoe gou kan ons net die slegte raaksien! Dit maak dat ons nie meer getrou is aan goedheid nie!

Goedheid of liefde raak ‘n skaars komoditeit in ons samelewing! Miskien juis omdat ons wat veronderstel is om dit te leef – dit NIE doen nie! Ons het God se liefde ontvang, ons ken dit en ons beleef dit eerstehands van die Here DAAROM : ons moet dit uitleef – Dit is ware geloof en ware godsdiens!

Laastens: ons moet bedagsaam voor God lewe! Dit is ‘n baie goeie vertaling wat die 83 vertaling hier gebruik. Die Hebreeuse woord beteken: om op wyse manier voor God op te tree**! Ware geloof en godsdiens gaan nie oor uiterlike vorme en handeling nie – maar om die gesindheid van my hart waarmee ek voor God leef!**

Hoe ek die Here liefhet, Hom ag en respekteer! Om bedagsaam teenoor iemand op te tree beteken jy neem daardie persoon se gevoelens in ag, jy het respek vir hom of haar en tree dan in die lig daarvan op!

God haat valse en formalistiese godsdiens wat van buite mooi lyk maar van binne leeg en koud is! Die Here Jesus het dit baie duidelik aan ons kom leer in sy optrede op aarde. Hoe het Hy die formalisme en leë godsdiens van die Fariseers en die Skrifgeleerdes ontbloot en veroordeel nie**. Uiteindelik het Jesus van tempel af weggestap omdat dit 'n koue formalistiese Sondaggodsdiens geword het.**

Geliefdes, dit kan so maklik in ons eie manier van kerkwees gebeur. In die manier waarop ons die Here dien – in die week maar ook op Sondae in die erediens. Dit lyk van buite pragtig – maar dit is van binne leeg! Dit is meer rituele as liefde!

Om bedagsaam voor God te leef is ook om nederig te wees! Om afhanklik in gebed te lewe en te weet dat jy alleen deur die krag van die Heilige Gees ware gelowige kan wees wat ware godsdiens beoefen**. Daarom soek jy biddend die leiding van die Gees.**
'n Bedagsame gelowige laat die fokus op God val en nie op jouself nie! 'n Bedagsame gelowiges stel nie eise nie – maar leef elke dag uit die liefde wat God gee.

Brs en srs, kom ons vra ten slotte weer die vraag: Hoe dink jy is die regte manier om jou geloof uit te leef? Wat is ware godsdiens? Is dit maar net om Sondag erediens by te woon? Is dit wat ons gedink het kerkwees is? **Is dit al wat ons mis in hierdie grendelstaat tydperk – net dat ons nie meer saam erediens kan hou nie? Dan mis ons die punt!**

Kom ons gryp weer vas aan God se genade – sodat ons kan leer reg te handhaaf, goedheid lief te hê en bedagsaam voor ons Here te leef.

Amen

Gebed

Meelewing uit DE
Afkondigings

Volgende oordenking uit Ps 84 – besin oor die waarde van die erediens op 'n Sondag

Sluit af : Bid om die seen van die Here: Mag die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde van God ons Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees met ons almal wees \Amen